



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2021

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING


1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloiediagram/kernwoorde, ens.), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:
AFDELING A: ongeveer 90 minute
AFDELING B: ongeveer 90 (2 x 45) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

- 1.1 **Die dag wat alles vir altyd verander het ...** [50]
- 1.2 Só het ek weer rigting gekry. [50]
- 1.3 **Mooi ... mooier ... mooiste ...** [50]
- 1.4 *Jongmense het groot opinies.* [50]
- 1.5 ... en só het ek my (by)naam gekry. [50]
- 1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1

[Bron: globalperspectives.info]

[50]

1.6.2



[Bron: [instagram.tobiasvisuals](https://www.instagram.com/tobiasvisuals)] [50]

1.6.3



[Bron: [signs.com](https://www.signs.com)] [50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het onlangs leer bestuur en besluit om jou broer/suster wat in 'n ander stad studeer, se motor te 'leen' om na die plaaslike winkelsentrum te ry. By die huis het jy agtergekom dat daar 'n groot skraapmerk aan die agterkant van die motor is. Jy weet jou broer/suster pas sy/haar motor baie goed op en jy is benoud oor sy/haar reaksie.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan hom/haar waarin jy die gebeure verduidelik en onderneem om die skade te herstel.

[25]**2.2 FORMELE BRIEF: BRIEF AAN DIE PERS**

Jy het onlangs die nuus gehoor dat jou dorp/stad se naam gaan verander. Jy stem glad nie saam met hierdie naamsverandering nie.

Skryf 'n BRIEF AAN DIE PERS waarin jy duidelik uiteensit waarom jy nie met die naamsverandering saamstem nie.

[25]**2.3 TYDSKRIFARTIKEL**

Deesdae is min jongmense tevrede met hulself. Hulle is baie mededingend en raak gou moedeloos as hul sukkel om hul doelwitte te bereik.

Skryf 'n TYDSKRIFARTIKEL vir jongmense met die titel: *Dit is oukei om nie perfek te wees nie.*

[25]**2.4 HULDEBLYK**

Jou ouers is al 30 jaar getroud en vier eersdaags hul huwelikshedenking. Julle beplan 'n familie-byeenkoms en jy gaan die huldeblyk aan jou ouers by hierdie geleentheid lewer.

Skryf die HULDEBLYK aan jou ouers waarin jy hul bedank vir alles wat hulle vir julle as gesin en familie beteken het.

[25]

2.5 DIALOOG

Jy werk hard om die beste moontlike punte te kry, want jy wil na matriek verder gaan studeer. Julle bure het egter twee honde wat aanhoudend blaf en geraas maak. Jy sukkel om deur die dag te konsentreer en snags blaf hulle ook.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jul buurman waar jy hierdie probleem met hom bespreek en moontlike oplossings vir hierdie situasie gee.

[25]**2.6 ONDERHOUD**

Aan die einde van verlede jaar was een van die matrikulante by julle skool onder die toppresterders in die provinsie.

Voer 'n ONDERHOUD met hierdie matrikulant waarin jy hom/haar oor sy/haar suksesresep uitvra.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100